



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAATEKSAMEN**

**LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan 12 bladsye.**

**AFDELING A****VRAAG 1****1.1 Meervoudigekeuse-vrae**

- 1.1.1 C ✓✓
- 1.1.2 D ✓✓
- 1.1.3 B ✓✓
- 1.1.4 D ✓✓
- 1.1.5 A ✓✓
- 1.1.6 A ✓✓
- 1.1.7 B ✓✓
- 1.1.8 C ✓✓
- 1.1.9 B ✓✓
- 1.1.10 A ✓✓

(10 x 2) (20)

**1.2 Pasitens**

- 1.2.1 F ✓✓
- 1.2.2 H ✓✓
- 1.2.3 K ✓✓
- 1.2.4 E ✓✓
- 1.2.5 C ✓✓
- 1.2.6 D ✓✓
- 1.2.7 A ✓✓
- 1.2.8 G ✓✓
- 1.2.9 L ✓✓
- 1.2.10 J ✓✓

(10 x 2) (20)

**1.3 Landbouterme**

- 1.3.1 Produktiwiteit ✓
- 1.3.2 Bestraling/Ultraviolet strale of lig ✓
- 1.3.3 Diversifikasie/Diversiteit ✓
- 1.3.4 Lig of sonlig ✓
- 1.3.5 Entrepreneurskap ✓

(5 x 1) (5)

**1.4 Onderstreepte woorde**

- 1.4.1 Bederfbaarheid/Bederf ✓
- 1.4.2 Organisering ✓
- 1.4.3 Klimaat of weer ✓
- 1.4.4 Gelykbreekpunt ✓
- 1.4.5 Binnelandse of plaaslike ✓

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING****2.1 Veldbestuur****2.1.1 Belangrikheid om optimale plantegroei te ken**

- Om die tyd van optimale groei te weet ✓ sal die beste plant potensiaal tot stand bring ✓
- Kennis oor die verskillende soorte grasse ✓ sal help om die drakrag van die plaas te bepaal ✓ (Enige 1) (2)

**2.1.2 TWEE maniere hoe verdeling van kampe die boer kan help**

- Vermeerder die voortdurende produksie ✓ van hoë kwaliteit voer ✓
- Voer beskikbaar te hê in tye van stadige groei ✓ en dormante/rustende periodes ✓
- Voorsien in die voedingstofbehoefte van vee en wild (bv. winter weidings) ✓✓
- Beplan en reageer ✓ op onvoorsiene omstandighede (droogtes, vloede, brande, ens.)
- Verhoog effektiwiteit van daaglikse bestuur ✓✓
- Voorkom degradasie van veld ✓ deur oorbeweiding te voorkom ✓ (4)
- Verlaagde stres deur ✓ onnodige beweging te voorkom ✓ (Enige 2)

**2.1.3 TWEE voordele van goeie weidingbestuur**

- Nie nodig om ekstra voer aan te koop nie ✓
- Nodigheid van aangeplante weidings verlaag ✓
- Die boer spaar geld of het 'n hoër inkomste ✓ (Enige 2) (2)

**2.2 Faktore wat beweiding beïnvloed****2.2.1 Smaaklikheid – invloed op beweiding**

- Soetveld – meer smaaklik ✓ hoër inname ✓
- Gemengde veld – redelik smaaklik eerste geëet, ✓ gemiddelde inname ✓
- Suurveld – minder smaaklike grasse ✓ dus laer inname ✓ (Enige 1 x 2) (2)

**2.2.2 Topografie – invloed op beweiding**

- Topografie soos bv. laagliggende weiding en vlaktes is meer toeganklik vir diere ✓ wat dus lei tot meer gereelde beweiding ✓
- Topografie soos bv. bergagtige gebiede en hellings kan minder toeganklik wees vir diere ✓ hierdie gedeeltes sal minder bewei word ✓ (Enige 1 x 2) (2)

**2.2.3 Erosie – invloed op beweiding**

- Geen erosie nie ✓ meer areas vir beweiding ✓
- Matige erosie ✓ areas vir beweiding verminder ✓
- Erge erosie ✓ min weidings beskikbaar ✓ (Enige 1 x 2) (2)

**2.3 Kapitaal****2.3.1 Vaste kapitaalitem**

- C✓ of heinings ✓ (Enige 1) (1)

**2.3.2 Beweeglike kapitaalitem**

- A✓ of B✓ of gewasse geproduseer ✓ of beeste ✓ Enige 1) (1)

**2.3.3 Redes vir risikoverlaging met B en A of E**

- Daar is meer as een inkomste vir die boer ✓
- Boer kan diere sowel as produk (melk) verkoop vir 'n inkomste ✓
- Meer volhoubare boerdery onderneming van meer bronne van inkomste✓
- Diversifikasie of het meer as een produksierigting op die plaas verminder prys, siektes en bemarkingsrisiko ✓
- Waardetoevoeging tot die produk kan ekstra inkomste skep ✓ (Enige 2) (2)

**2.4 Grondstruktuur****2.4.1 Definisie van grondstruktuur**

- Is die groepering van gronddeeltjies ✓ in strukturele eenhede (aggregate) ✓
- Is die natuurlike kohesie van gronddeeltjies ✓ om groter dele (aggregate) te vorm ✓ (Enige 1 x 2) (2)

**2.4.2 Grondstruktuur en bewerking**

- **Gestruktureerde grond (grond met struktuur)**
  - Het hoë klei-inhoud – moeiliker om te bewerk ✓
- **Ongestruktureerde grond (grond sonder struktuur)**
  - Is los en sanderig – maklik om te bewerk ✓ (2)

**2.5 TWEE voordele van organiese boerdery**

- Laer insetkoste ✓
- Verbied chemiese insette dus:
  - gesonder vir menslike gebruik ✓
  - minder skadelik vir die omgewing ✓
- Verbeter grond gesondheid ✓ (Enige 2) (2)

**2.6 Presisieboerdery****Korrekte hoofelement**

AKSIE	HOOFELEMENT			
	BEPLAN	PAS TOE	RESULTAAT	ONTLEED
Besproeiing/Bespuiting		✓		
Data prosessering				✓
Presisiekartering	✓			
Oes			✓	
Bemesting		✓		

(5)

- 2.7 **Fisiese insette verkry in bepaling van boerderystelsel**
- Grond ✓
  - Neerslag ✓
  - Son ✓
  - Ligging/Omgewing ✓
  - Dreinerings ✓
- (5)
- 2.8 **Meganisasie**
- 2.8.1 **Invloed op die koste van arbeid**
- Meer vaardige arbeiders nodig ✓
  - Minder arbeiders of arbeiders sal verminder ✓
- (2)
- 2.8.2 **Negatiewe sosiale impak van meganisering**
- Dit lei tot werkloosheid/werksverliese ✓
- (1)
- 2.9 **Effek van verminderde vermorsing van plaagdoders in presisieboerdery**
- Slegs 'n klein area word bespuit ✓ wat die koste van bespuiting verlaag ✓
  - Minder plaagdoder (minder vermorsing) gebruik verlaag die risiko van besoedeling ✓ daarom minder omgewing beskadiging (meer omgewingsvriendelik) ✓
  - Beter beheer oor plaag ✓ weens doelgerigte bespuiting ✓ (Enige 2) (4)
- 2.10 **Agritoerisme**
- 2.10.1 **Opvoedkundige toeriste**
- Mense wat plekke besoek om navorsing te doen ✓
  - op die veld, grond en topografie ✓
- (2)
- 2.10.2 **Produktietoeriste**
- Mense volg roetes om te sien hoe landbouprodukte geproduseer word ✓
  - of hoe landbouprodukte geprosesseer word ✓
- (2)
- 2.11 **VYF nadele van agritoerisme**
- Verg meer verantwoordelikheid ✓
  - Nie genoeg mense beskikbaar met kennis van agritoerisme nie ✓
  - Menige wette wat landbou en toerisme reguleer ✓
  - Aspekte soos vervoer, natuurbewaring, sosiale welstand kan 'n probleem wees ✓
  - Duur om te begin ✓
  - Die effek van verlies aan privaatheid ✓
  - Negatiewe impak op die omgewing ✓
  - Publieke aanspreeklikheid ✓
  - Moeilik om onderling verbind te bly met alle mense betrokke ✓
  - Grootliks beïnvloed deur wêreld gesondheidstoestande ✓ (Enige 5) (5)
- [50]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING, EN BESTUURSPROSES****3.1 Besigheidsplan****3.1.1 VYF redes vir die ontwikkeling van 'n besigheidsplan**

- Toets die uitvoerbaarheid van die onderneming ✓
- Help met die bepaling van die finansiële behoeftes ✓
- Bepaal die daaglikse aktiwiteite/werksaamhede ✓
- Dui die huidige posisie van die besigheid aan ✓
- Omskryf die toekomstige vooruitsigte van die besigheid ✓
- Om kennis te verkry van relevante bemarkingsaangeleenthede ✓
- Om krediet te verkry van 'n finansiële instelling ✓ (Enige 5) (5)

**3.1.2 VYF bemarking vooruitskatting**

- Moontlike wins vooruitskatting gebaseer op realistiese syfers ✓
- Dui aan tot watter mate wins heraangewend gaan word ✓
- Fokus op swakpunte van die kompetisie en lewer 'n beter produk ✓
- Regverdig die prys deur die soos die verbruiker te dink ✓
- Prys of diens moet die besigheid se algehele strategie reflekteer ✓
- Dui koste aan om die kwaliteit van die produk te verbeter ✓
- Dui verwagte verkope aan ✓
- Dui moontlike markaandeel aan ✓
- Dui gelykbreekpunt aan ✓
- Dui tekortkominge in finansiering aan ✓
- Maak voorstelle oor hoe om tekortkominge te verminder (Enige 5) (5)

**3.2 Entrepreneurskap****3.2.1 DRIE entrepreneurseienskappe A, B, C en D**

- A – organisatoriese/koördinerende vermoëns ✓
- B – tegniese/operasionele kennis ✓
- C – innoverende/skeppende/visionêre insig ✓
- D – Volhard/deursettingsvermoë/uthouvermoë ✓ (4)

**3.2.2 DRIE hulpbronne wat entrepreneur benodig om met boerdery te begin**

- Finansiële hulpbronne ✓ (of relevante voorbeeld)
- Menslike hulpbronne ✓ (of relevante voorbeeld)
- Fisiese hulpbronne ✓ (of relevante voorbeeld) (3)

**3.3 Onderskei primêre landbousektor van sekondêre en tersiêre landbousektore**

- Die primêre sektor gebruik natuurlike hulpbronne om rouprodukte te produseer in boerdery, vis en bosbou sektore ✓
- Sekondêre sektor verander roumateriaal verkry vanaf die primêre sektor om half voltooide en voltooide goedere te lewer ✓
- Die tersiêre sektor sluit goedere en dienste in wat die primêre en sekondêre landbousektore benodig om hul produk te produseer ✓ (3)

### 3.4 **Bemerkingswette van toepassing op die bemarking van landbouprodukte**

- 3.4.1 C ✓ (1)
- 3.4.2 A ✓ (1)
- 3.4.3 B ✓ (1)
- 3.4.4 E ✓ (1)

### 3.5 **Bemerkingskanale**

#### 3.5.1 **DRIE voordele van plaashekbemarking**

- Geen bemarkingskoste ✓
- Geen vervoerkoste ✓
- Meer geskik vir kleinskaal boere ✓
- Produkte kan deur die boer verkoop word/geen middelman of agent ✓  
(Enige 3) (3)

#### 3.5.2 **DRIE nadele van plaashekbemarking**

- Die boer sal die plaaslike prys moet aanvaar vir die produk wat verkoop word ✓
- Die boer is nie noodwendig goed geleë om verbruikers te bereik ✓
- Risiko om beroof te word, is groot ✓
- Volumes wat verkoop word, is somtyds min ✓ (Enige 3) (3)

### 3.6 **Verskil tussen internet bemarking en kontrak bemarking**

<b>INTERNET BEMARKING</b>	<b>KONTRAK BEMARKING</b>
Geen kontrak – word op verskillende aanlyn platforms gedoen ✓	'n Getekende kontrak tussen die produseerder en die verbruiker ✓
Fluktuierende pryse ✓	Prys is bepaal ✓
Geen gewaarborgde inkomste ✓	Gewaarborgde inkomste ✓
Verkoop aan enige een – kan wêreldgehoor bereik ✓	Verplig om volgens kontrak te lewer ✓

(6)

### 3.7 **DRIE funksies van produsente organisasies in die landbou industrie**

- Ondersteun boere in die bemarking van landbouprodukte ✓
- Ondersoek moontlike plaaslike markte vir boere se produkte ✓
- Betrokke by uitvoer geleenthede vir boere se produkte ✓
- Adviseer boere oor produksiemetodes van die produk ✓
- Betrokke by navorsing oor die produk tot voordeel van alle rolspelers ✓
- Ontleed markte en bepaal marktendense ✓
- Promosie van die produk ✓ (Enige 3) (3)

- 3.8 **DRIE voordele van varsproduktemark**
- Boere trek voordeel uit hoër pryse in tye van tekorte ✓
  - Bevestig die integriteit van beide partye ✓
  - Waarborg dat die onderhandelde prys betaal sal word ✓
  - Mark kan groot hoeveelhede verkoop ✓
  - Boere kan 'n agent gebruik om die bemerking te doen ✓
  - Geld is onmiddellik beskikbaar na verkope ✓
- (Enige 3) (3)
- 3.9 **VIJF voordele van evaluering**
- Verhoog die effektiwiteit van die handeling ✓
  - Hulpbronne word optimaal benut ✓
  - Verhoog die produktiwiteit in die werkplek ✓
  - Konstante verbetering van die handeling of onderneming ✓
  - Dui areas van vermorsing aan en hoe om dit te korrigeer ✓
- (Enige 4) (4)
- 3.10 **VIJF voordele van geskikte bestuur aangaande arbeid**
- Tyd besparend ✓
  - Dit verhoog effektiwiteit en werk word vinniger gedoen ✓
  - Elke werker raak meer vaardig in hul afdeling van spesialisasie en word 'n kundige ✓
  - Uitdink van eenvoudige masjinerie vir elke handeling raak moontlik ✓
  - Die toesighouer sal weet wat die verantwoordelikheid van elke werker is ✓
- (Enige 4) (4)  
**[50]**



**VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDDOUDING, OES  
WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING**

- 4.1 **'n Begroting het beide 'n beplanningsfunksie en 'n kontrole funksie**
- Beplanningsfunksie – koppel verwagte inkomste aan verwagte uitgawes ✓ van die plaas met die doelwitte van die plaas ✓
  - Kontrole funksie – verseker dat werklike aktiwiteite ✓ ooreenkom met beplande aktiwiteite ✓ (4)
- 4.2 **Begrotings**
- 4.2.1 **Insette en uitsette in begroting**
- (a) **Inset**
- Saad ✓
  - Bemesting ✓
  - Gif /chemikalieë/onkruidodders/plaagdoders ✓
  - Brandstof ✓ (Enige 2) (2)
- (b) **Uitsette**
- Geoeste produk ✓
  - Afvalprodukte van verkoopte geoeste produkte ✓ (Enige 1) (1)
- 4.2.2 **Begroting in terme van hulpbronne**
- Identifikasie van beskikbare bronne ✓
  - Bepaal die gebruik van die hulpbronne ✓
  - Bepaal die koste vir die gebruik van die hulpbronne ✓ (3)
- 4.3 **Inkomstestaat**
- 4.3.1 **Bereken die bruto wins**
- Bruto wins = verkope – koste van verkope ✓  
= R942 700,00 – R780 900,00 ✓  
= R161 800,00 ✓ (3)
- 4.3.2 **Bereken netto wins**
- Netto wins = Bruto wins – indirekte uitgawes (oorhoofse koste/nie-produksie koste) ✓  
= R161 800,00 – (R21 700,00 + R72 300,00 + R52 300,00) ✓  
= R161 800,00 – R146 300,00  
= R15 500,00 ✓ (3)
- 4.4 **Onderskei tussen seisoenale werker en geleentheidswerker**
- **Seisoenale werker**
    - Doen herhalende take ✓
    - Taak is seisoensgebonde ✓
  - **Geleentheidswerker**
    - Doen projek-gebaseerde, nie herhalende taak ✓
    - Taak is nie seisoenaal ✓ (Enige 1 vergelyking) (2)

**4.5 DRIE vereistes van goeie rekordhouding**

- Eenvoudig en maklik ✓
- Prakties en maklik om te gebruik ✓
- Spesifiek ✓
- Realisties ✓
- Relevant ✓
- Volledig ✓
- Bruikbaar wees en spesifieke behoeftes op die plaas aanspreek ✓
- Op datum wees ✓ (Enige 3) (3)

**4.6 Aanvaarbare toestand van vars rou produkte**

- Produk moet ferm wees ✓ en nie verlep nie ✓
- Geen skade ✓, merke, kneusings op die produk ✓
- Reuk en kleur ✓ moet spesifiek wees vir die vars produk ✓
- Geen tekens van siektes en plae ✓ sigbaar op die produk ✓
- Die produk moet skoon wees ✓ van grond en residu ✓ (Enige 2 x 2) (4)

**4.7 Meganiese oes en oes met die hand**

	<b>MEGANIESE OES</b>	<b>OES MET DIE HAND</b>
Invloed van weerstoestande	klein / min ✓	groot ✓
Diefstal van die produk	klein ✓	meer ✓

(4)

**4.8 DRIE korrekte persoonlike gesondheid en higiëniese praktyke van arbeiders**

- Moet goed opgelei wees (weet die gevaar van vars produkte) ✓
- Bad gereeld ✓
- Goeie toilet praktyke ✓
- Gereelde was van hande ✓
- Dra skoon klere ✓
- Dra korrekte beskermde klere (handskoene, maskers, skoene, haarnet) ✓
- Hou naels kort ✓ (Enige 3) (3)

**4.9 TWEE hoof faktore wat die metode van stoor bepaal**

- Tipe produk ✓
- Die relatiewe humiditeit van die omgewing gedurende die stoortydperk ✓
- Die voginhoud van die produk vanaf die land ✓ (Enige 2) (2)

- 4.10 **Omskakeling deur verskeie aksies en prosesse**
- 4.10.1 Pasteurisasie ✓ (1)
- 4.10.2 Ekstraksie ✓ (1)
- 4.10.3 Fermentasie ✓ (1)
- 4.10.4 Sterilisasie ✓ (1)
- 4.10.5 Ekstrusie ✓ (1)
- 4.11 **Metodes van verpakking van landbouprodukte**
- 4.11.1 **Vakuümverpakking**
- Verwydering van lug sal die bederf of verrotting van die produk vertraag ✓✓
  - Verwydering van lug verklein die grootte van die produk wat stoor en hantering vergemaklik ✓✓
  - Vertraagde verrotting verhoog die rakleef tyd van die produk ✓✓ (Enige 1) (2)
- 4.11.2 **Nie-vakuüm verpakking**
- Gespesialiseerde toerusting nie nodig nie dus laer koste ✓✓
  - Beskerm die vorm van die produk of verhoed breking van die produk ✓✓
  - Meer produkte kan verpak word aangesien dit tyd spaar tydens verpakking ✓✓ (Enige 1) (2)
- 4.12 **Vervoer van produkte**
- 4.12.1 **Vereistes van trok of sleepwa**
- Vloer moet glyvry wees – om te voorkom dat diere val en hulself beseer ✓
  - Voldoende sypanele – om te voorkom dat diere afval en grootvee en kleinvee te skei ✓
  - Hoogte invoertuie met meervuldige vlakke moet voldoende wees – om groter diere toe te laat om op te staan en vrye lugvloei toe te laat om vrylik te beweeg
  - Moet genoeg ruimte hê – om diere se veiligheid tydens vervoer te verseker ✓
  - Veiligheid van diere – diere moet nie beseer word tydens vervoer nie ✓
  - Verseker biosekuriteit – was met 'n hoëdrukspuit en saniteer die voertuig voor die laai van diere ✓ (Enige 3) (3)
- 4.12.2 **TWEE vereistes vir diere gedurende die reis**
- Water ✓
  - Voer – hooi, kragvoer/konsentraat ✓ (2)

**4.12.3 Stresvlakke van die diere**

- Stres het 'n negatiewe effek op die prestasie van plaasdiere ✓
- Verswak die immuunstelsel ✓
- Verlaagde reproduksie ✓
- Verlies aan massa ✓
- Vertering ongesteldheid ✓
- Inflammatoriese reaksies ✓
- Verminder voerverbruik ✓

(Enige 2)

(2)

**[50]****TOTAAL AFDELING B: 150****GROOT TOTAAL: 200**